Hoërskool Tuine

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

9 Maart 2022

OMSENDSKRYWE NO 6 VAN 2022

Geagte Ouers en voogde

Ons nader die einde van ’n besige, maar baie suksesvolle kwartaal. Ons wil ons opregte dank uitspreek aan al die ouers se insette en betrokkenheid gedurende die kwartaal, veral tydens die Interhoër atletiekbyeenkoms wat aangebied was en net daarna tydens die Superreeks wedstryde teen Hoërskool Linden.

Ons dink ook in besonder aan al ons ouers, leerders en die gemeenskap wat in die afgelope tyd ’n geliefde aan die dood afgestaan het. Ons bid dat jul vrede sal vind in die wete dat ons ’n Lewende God dien wat ons onderskraag en in liefde ondersteun.

Baie sterkte aan me. Burger wat op kraamverlof is en ons verwelkom me T. De Villiers terug by die skool. Ons dink ook in besonder aan mnr. Schutte wat tuis aansterk na ’n operasie.

COVID-19 INENTING:

Dischem gaan op Dinsdag, 15 Maart inenting by die skool kom doen gedurende skooltyd. Dit sal vir al die leerders wees waar ouers skriftelik aangedui het dat hul kind/ers wel teen COVID-19 ingeënt mag word. (Omsendskrywe 2 van 2022).
Ons kan nog nie die spesifieke tyd aan u deurgee nie, maar ons vra dat u kind wel by die skool sal wees indien u toestemming verleen het.

FOTODAG:

Individuele foto’s asook klasfoto’s sal op Vrydag, 11 Maart gedurende skooltyd geneem word. Al die leerders is verplig om by die skool te wees, geklee in die korrekte skooldrag. Geen loslitdrag of gewone klere word toegelaat nie. Ons vra ook dat die leerders netjies sal wees en dat hul voorkoms volgens die skoolreëls sal wees. Indien ’n leerder afwesig is sonder ’n geldige rede sal hy/sy demeriete punte ontvang. U samewerking word gevra om te verseker dat u kind wel teenwoordig is en volgens die skoolreëls geklee is.

MARKDAG:

Die Gr. 12- Verbruikerstudie leerders se jaarlikse markdag sal op Donderdag, 17 Maart plaasvind. Ons vra dat u asb. die leerders sal ondersteun. Hulle werk ongelooflik hard om heerlike eetgoed voor te berei en te verkoop. Die hele proses (van die maak tot verkoop) vorm deel van die leerders se formele assessering.

WINTERSPORT:

Soos reeds genoem het ons wintersport reeds die vorige naweek afgeskop. Leerders moet asb. die korrekte sportdrag dra soos wat dit voorsien word deur die afrigters.
Daar is ’n R50,00 fooi verbonde aan die wintersport. Die fooi word gebruik vir die versorging en onderhoud van die klere. Die geld kan by die finansiële kantoor inbetaal word onder u kind se naam. Dui asb. net aan dat dit vir wintersportklere is.

NETBALKLINIEK:
Die netbal gaan ’n kliniek aanbied op Donderdag, 17 Maart. Die dogters sal al die inligting asook ’n toestemmingsbrief ontvang.

MNR EN MEJ TUINE:
As deel van die finaliste se gemeenskapsprojek gaan die leerders Rock of Hope Babahuis op 2 April besoek. Indien u enige bydrae wil lewer is u meer as welkom om me. Stoop te skakel by die skool.

OPE-AAND – Gr. 7:
Ons hou ‘n ope-aand vir Gr. 7 leerders wat van voorneme is om volgende jaar by Hoërskool Tuine in te skryf op Woensdag, 20 April 2022. Leerders sal briewe in die verband by die laerskole ontvang. Die inskrywingsproses sal ook met die ope-aand aan ouers verduidelik word.

FINANSIES:
Baie dankie aan al die ouers wat hul finansiële verpligtinge nakom deur hul skoolgelde getrou te betaal. Ons doen ’n ernstige beroep op ouers wat nog nie hul skoolgelde betaal het nie om dit te betaal of om alternatiewe reëlings te tref met die finansiële kantoor.

PROGRAM VIR DIE KWARTAAL:
Die volgende datums word aan u deurgegee:

11 Maart	Fotodag
12 Maart	Superreeks vs H/s Bergsig (Weg)
15 Maart	Inenting
16 Maart	Wintersport vs H.T.S. Tuine (Tuis)
17 Maart	Gr. 12 Markdag (Verbruikerstudies)
	Skool sluit.

Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof

ons skool ons waardes ons toekoms